Tjokkie WEEKBLAD

30 Oktober 2026 Uitgawe: 4/4/2026

UIT DIE KANTOOR

Met die jaar wat nou vinnig ten einde loop, net die volgende sake:

Leiers 2027:

Baie geluk aan die nuut verkose Leerderraad en Media-assistente vir 2027 wat in die week aangekondig is. Mag julle in die goeie voetspore van jul voorgangers volg. Die volledige naamlyste van die nuwe leiers vir 2027 is aangeheg.

Sport:

Die algemene sportprogram vir 2026 loop volgende week ten einde met nog enkele krieketspanne wat hul ligas moet voltooi. Dit was ‘n besige krieketseisoen. Ons is dankbaar dat die weer hierdie rondte saamgespeel het.

Netbalproewe vir o/10 - o/13 (2027) vind vanaf 5-11 November plaas met die oog op die saamstel van oefengroepe vir volgende jaar. Dogters is reeds ingelig van die datums en tye.

Baie geluk aan al ons swemmers en atlete wat verlede naweek deelgeneem het aan die Tjokkies snelgala en die JF atletiekbyeenkoms. Baie goeie uitslae is behaal en ons sien met afwagting uit na die 2027-seisoen wat voorlê.

Die meeste buitemuurse aktiwiteite stop dus volgende week met slegs proewe vir rugby en netbal wat gaan plaasvind. Dit sluit sport en kultuur in. Slegs privaat akademies sal steeds oefen soos deur hulle gereël is.

Begrotingsvergadering:


Ouers word weer vriendelik herinner aan die Begrotingsvergadering wat op Maandag, 16 November 2026 in die skoolsaal sal plaasvind.

Ouers word vriendelik versoek om dit by te woon, aangesien u die begroting en nuwe skoolgeld vir 2027 moet goedkeur. Die konsep-begroting sal vanaf Maandag, 2 November by die kantoor beskikbaar wees vir ouers om dit te kom besigtig indien u belangstel.

BELANGRIKE DATUMS

30 Okt.:	PBS Koorfees (Jnr Koor)
	Pom-pom & Revue optredes (Univ-Rif NG Kerk)
31 Okt.:	Pom-pom optrede (skool)
2 Nov.:	o/9 Krieketliga
	Tennisliga dogters vs FHP (weg)
	Tennisliga seuns Tjok 1 vs Trompsburg (tuis)
	Munisipale Verkiesing – spesiale stemme
3 Nov.:	o/11 Krieketliga
	Kleuterskool Konsert
	Munisipale Verkiesing – spesiale stemme
4 Nov.:	Munisipale Verkiesing (skool gesluit)
5 Nov.:	o/13 Krieketliga
	Tennisliga seuns Tjok 2 vs St. Andrews 2 (weg)
	Kleuterskool Konsert
6 Nov.:	Koor en Leerderraad (2026) afsluiting

VERJAARSDAE



Geen

Karring weer

Jesus het vir hulle ’n gelykenis vertel om aan te toon dat hulle moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Hy het gesê: “In ’n sekere stad was daar ’n regter wat God nie geëer en sy medemens nie gerespekteer het nie. Daar was ook ’n weduwee in daardie stad wat aangehou het om hom te vra: ‘Laat aan my reg geskied in my saak teen my opponent.’ “Vir ’n tyd lank was hy onwillig, maar hy het naderhand vir homself gesê: ‘Al eer ek God nie en respekteer ek ook nie my medemens nie – omdat hierdie weduwee my so onophoudelik teister, sal ek haar saak behartig, anders sal sy my nog heeltemal gedaan maak.’” Toe sê die Here: “Luister net wat sê die onregverdige regter. Sal God dan nie reg laat geskied aan sy uitverkorenes nie – hulle wat dag en nag na Hom roep? Sal Hy aanhou om hulle geduld te toets? Ek sê vir julle: Hy sal aan hulle reg laat geskied, en baie gou ook! Nietemin, sal Ek, die Seun van die Mens, wanneer Ek kom, geloof op aarde vind?””

LUKAS 18:1-8-8, 1-8 NLV

Is jy al moeg gebid oor ’n saak of ‘n sekere situasie? Of dalk het jy nog nie begin bid nie, maar tob aanmekaar daaroor.

In die gelykenis hierbo, moedig Jesus Sy dissipels aan om te bid sonder opbou en sonder om moedeloos te word.

Hoekom?

- Geloof groei wanneer ons aanmekaar Jesus vertrou deur gebed. Geloof behaag God. Aanmekaar gebed bou geloof spiere

- God is nie net ‘n regverdige Regter nie, Hy is ook ‘n liefdevolle Vader en al Een wat ons saak kan beredder. Hy hoor al ons gebede en Sy arm is nie te kort om te red nie!

So karring weer ‘n keer aan die Here. Vra weer. Klop weer. Soek weer! Dit is wat Hy van ons vra.

SNUFFELS


STERK, STEWIGE, SEIL
BOEKSAKKIES
Perfek vir Gr 4
Koop net 1 keer hulle hou....en hou...en hou... selfs tot in die Hoërskool!!
R460
(stel van 7)
Kontak Juf. Blanche
Whatsapp
0725052247
vir bestellings en navrae!
R70
elk
Blanche Truter
Wiskunde
Gr 4 A
Beskerm en organiseer jou boeke !!
Bestel sommer dadellik !!
Duursaam
Netjies
Verskeie kleure
Prakties